SUIDER-PAARL GEMEENTE
Wees Anders...

VERHOUDINGS: RIEKERT BOTHA

Sessie 3: Die mens se waarde

Kyk sessie 3 van Verhoudings
https://www.rightnowmedia.org/Content/Series/393402?episode=3

Lees die volgende Skrifgedeeltes:
Ps 8: 5wat is die mens dan
dat U aan hom dink,
die mensekind dat U na hom omsien?
6U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak
en hom met aansien en eer gekroon,
7U laat hom heers oor die werk van u hande,

Sef 3: 17Die Here jou God is by jou,
Hy, die krygsman wat red.
Hy is vol vreugde oor jou,
Hy is stil-tevrede in sy liefde.
Hy jubel en juig oor jou:

Matt 6: 30As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?
31“Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. 32Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.

Dink oor die volgende vrae:
1. Wat staan vir jou uit?
2. Hoekom sukkel jy met jouself en ander?
3. Wat is die ding se naam wat jou laat sukkel?
4. Hoe kom mens daarby verby?
5. Jesus het vir Judas gehad met wie Hy moes saamleef. Hy het nogsteeds sy lewensdoel vevul. Wat/wie is jou Judas?
6. Wat sal jy vir die Vader wil vra om vir jou mee te help?